# Daar is iets wat magtiger as 'n man en sterker as enige vrou is:

# Gelykheid

AM-C 207054

Die mensdom sal eers hul volle potensiaal kan verwesenlik as ons almal aanvaar dat vroue net so waardevol en belangrik soos mans vir die samelewing is. Vroue trek miskien die meeste voordeel uit so 'n gesindheidsverandering, maar mans baat ook daarby.

Vandag, 8 Maart, is Internasionale Vrouedag - die dag waarop vroue gehuldig word. Dink vandag hoe vroue se lewens verander het; dink aan daardie vroue wat tot hul reg gekom het en aan wat hulle bereik het.

Dink ook aan die onderdrukking en ongelykheid wat voortduur. Dink aan die gewelddadige maniere wat dikwels gebruik word om vroue te manipuleer. En oorweeg wat benodig word om volle gelykheid daar te stel.

Vroue wil volle regte, en die waardigheid wat daarmee saamgaan, hê. Dis noodsaaklik - vir 'n gesonde samelewing - dat vroue deel van die besluitnemingsproses word. Effektiewe gelykheid is nodig, nie bloot gelykheid op papier nie, maar gelykheid wat 'n verandering in vroue se lewens teweegbring. Gelykheid wat vroue se materiële omstandighede sal verbeter deur hulpbronne toeganklik te maak en vroue beheer daaroor te gee. Daar is vandag nog vroue wat ure verkwis net om water te gaan haal.

Dink aan vroue. Dink aan 'n wêreld wat nie deur mans of vroue oorheers word nie. Dink aan 'n Suid-Afrika waarin alle mense gelyk is.

WNC
WOMEN'S NATIONAL COALITION

***NASIONALE VROUEKOALISIE***